

**foto
Beeld**

9.4.67 Bylae tot Die Beeld

**WAT DOEN ONS
IN
ANTARKTIKA?**



'n Oog in die ys

In die bevrore Suidpoolgebied sit Suid-Afrikaanse weerkundiges, saam met dié van talle ander lande, die weer en dophou. Dit is van hulle dat ons van ons weervoorspellings afhanklik is. Watter werk hulle daar doen, hoe hulle in die ys leef en hoe die wêreld daar lyk, word vandeeweek in Foto-Beeld beskryf. Rian Pieterse, fotograaf van Die Beeld, het die foto's geneem toe hy onlangs saam met die navorsingskip RSA na die gebied is om die span daar te gaan aflos.

Die water spaf oor die boeg van die RSA soos die klein skippie deur die see ploeg na Sanae, die Suid-Afrikaanse weerkundige basis in die Suidpoolgebied.

DIE VOORBLAD

Die RSA lê vasgemeer in die baai waar die basis se voorrade afgelaai is.



ANTARKTIKA — vervolg

DIT LYK MAAR SOOS DIE KAROO



ANTARKTIKA, die ysige, koue, wit, droë woestynggebied van 5½ miljoen vierkante myl, omtrent elf keer groter as Suid-Afrika, is gemiddeld die hoogste, koudste en onherbergsaamste landstreek ter wêreld.

Hoewel dit reeds in 1598 vir die eerste keer op Wytfield se kaart van die wêreld aangedui is, is dit maar die afgelope tien jaar dat die wetenskaplike wêreld iets meer van Antarktika begin agterkom het.

Antarktika is dié deel van die wêreld wat seker die meeste na die maan lyk en juis daarom toets die Amerikaners hul maanvoertuie in die droë valleie van McMurdo-sont.

Mnr. D. C. Neetling, koördinerende geoloog van Antarktiese navorsing van Geologiese Opname, het in 1964 twee maande lank saam met die Amerikaners oor Antarktika rondgevlieg en sê die McMurdo-valleie lyk baie soos die Karoo in Beaufort-Wes se wêreld. Daar is selfs koppe wat soos die Drie Susters lyk.

Die gemiddelde hoogte van Antarktika bokant seevlak is 7,000 vt., teenoor Asië, Everest ingeslote, se 4,000 vt. Die rots onder die yskap is gemiddeld van 2,000 tot 3,000 vt. bokant seevlak. Die teorie bestaan

dat dit eens baie hoër was, maar dat die gewig van die ys dit laat sak het. As die ys sou smelt, meen wetenskaplikes, sal die rotse weer styg.

By die Suidpool, 10,000 vt. bokant seevlak, is die yskap meer as 9,000 vt. dik, en die rotse onder die ys maar 'n paar honderd voet bokant seevlak.

Die maksimum - ysdikte van 14,500 vt. is by Mary Byrdland, en die gemiddelde ysdikte oor die vasteland met sy gemiddelde deursnee van 2,000 myl is tussen 6,000 en 7,000 vt.

Daar is bereken dat Antarktika minstens 90 persent van die wêreld se ys het en dat hierdie ys 95 persent van die vasteland bedek. Die volume van die ys is sowat 7 miljoen kubieke myl. As die ys sou smelt, sal die seevlak oor die hele wêreld met sowat 250 vt. styg. Hierdie yskap het soveel water soos die wêreld se riviere, mere en ondergrondse water saam — darem nie die see nie. Dit is soveel soos sestig jaar se reënval oor die hele wêreld.

As die ys dus sou smelt en die seevlak by Kaapstad styg met 250 vt., sal net die boonste twee of drie verdiepings van die Sanlamgebou van byna 280 vt. bokant die water uitsteek.

Die laagste temperatuur wat nog in Antarktika aangeteken is, was 126 grade C benede vriespunt, hoewel die Russe onregstreek 'n lesing van minus 140 gekry het.

Die koudste temperatuur by die Suid-Afrikaanse basis Sanae was minus 50 grade C, maar in die somer styg dit tot 'n graad of drie bokant vriespunt.

In die somer smelt baie van die ys en sneeu, en selfs by minus 15 grade C kan 'n mens warm genoeg aantrek om gemaklik buite te werk. Selfs by minus 40 grade kan buite gewerk word, mits die wind nie waai nie, maar in 'n sterk wind is 'n temperatuur van minus 10 al ongemaklik koud. Die windsterkte bepaal dus die werkvermoë en nie soseer die temperatuur nie.

Die gemiddelde sneeuval van Antarktika is sowat 16 cm. water, maar by Sanae is dit so hoog soos 40 cm. omdat dit naby die see geleë is.

In teenstelling met die skraal lewe op Antarktika, wat bestaan uit voëls en seediëre om die kus en sowat 300 soorte mosse en vyf sigbaar bloeiende plantesoorte, is die Antarktiese Oseaan besonder ryk aan plant- en dierelewe. Dit wissel van die kleinste organismes tot die

reuse-blouvinwalvis wat die grootste soogdier van die wêreld is.


Baie min is nog bekend van die seelewe om die ysvasteland, maar dit is bekend dat die Atlantiese Konvergensie, waar die koue water van Antarktika en die warmer water van die Atlantiese, Stille en Indiese Oseaan bymekaar kom, 'n baie belangrike rol speel in die verspreiding van plant- en dierelewe.

Omdat die suidelike oseane so ryk is aan proteïnevoedsel, kan dit baie moontlik nog in die toekoms 'n groot bron van kos vir 'n ondervoede mensdom word.

Navorsing in Antarktika toon dat die vasteland 'n enorme ekonomiese potensiaal het, nie net vir voedsel nie, maar ook omdat hy geweldig ryk aan minerale is.

Antarktika is een van die baie min dele van die wêreld waar minerale nog nie ontgin is nie. Daar is baie steenkool en dit word beskou as Antarktika se vernaamste natuurlike hulpbron, maar niemand weet nog presies waar dit alles is nie.

Suid-Afrikaanse geoloë het ook spore van koper in die Ahlmann-berge gevind en ook aanduidings van baie ander minerale. ■



▲ Die ysfront op die Polarbjörn-
bukta soos dit in 1962 gelyk het.
Die kamera waarmee die foto ge-
neem is was so koud dat die
sluiter beswaarlik kon oop en toe.

Heel links: So het die Sanae-
basis in 1965 gelyk. Al wat bo-
kant die sneeu uitsteek, is
skoorstene en radiomaste. Die
sneeuformasie op die voorgrond
word sastrugi genoem en word
deur die wind gevorm.

Vyf lede van vanjaar se ekspe-
disie op soek na 'n aflaai-
plek vir die RSA. Hulle toets eers
of die ys sterk genoeg is om die
swaar trekkers te dra.

Kampopslaan op die ys. Op die
agtergrond staan die tent en
voor is die hondeslee met 'n
paar van die „huskies” wat dit
trek. Die ski's waarmee die
Sanae-manne oor die weg kom,
is ook te sien.





ANTARKTIKA — vervolg

KOEK EN TEE VIERUUR

VIR die man wat sonder moeite meer as 'n jaar se salaris wil spaar, is daar onfeilbare raad. Al wat hy moet doen, is om aan te sluit by die Suid-Afrikaanse Antarktiese Navorsingspan. Die res kom vanself. Hy word vir sowat 'n jaar Antarktika toe gestuur en wanneer hy terugkom, wag 'n hele vyftien maande se salaris vir hom by die Departement van Vervoer, wat die ekspedisies reël.

In die tyd dat hy weg is, hoef hy geen enkele sent te bestee nie — en hy kan ook nie. Sy kos en verblyf is gratis en selfs drank en sigarette word gratis verskaf. Die salarisskale is ook nou weer verhoog. Sy kontraktydperk is vyftien maande.

Van die einde van 1959 af stuur Suid-Afrika elke jaar 'n navorsingspan na Antarktika.

Deur die jare was 'n hele

paar manne al meer as een keer op die ekspedisie. Hoewel dit harde werk is en 'n mens maar baie verlang, wil die meeste weer gaan help om die geheime van hierdie ontsaglike groot vasteland te help ontbloot.

Een wat pas teruggekeer het van 'n tweede skof in Antarktika, Henry Fulton, sê hy sou maklik weer gegaan het as sy kroos van ses dit nie so moeilik gemaak het om so lank van die huis af weg te wees nie. Hy was saam toe die RSA op 27 Desember 1962 vir die eerste keer na Antarktika vertrek het en verlede jaar was hy die Sanae VII-span se senior diesel-werktuigkundige.

Met mnr. Fulton se eerste skof in Antarktika in 1963 het hy gehelp om die huidige Sanae-basis op te rig. Voordat hulle destyds die basis verlaat het, het die sneeu al tot by die geboue

se dak gelê, en nou is die basis al bedek deur 'n laag sneeu en ys van 27 voet.

Dit sal nietemin nog vanjaar en aanstaande jaar gebruik kan word voordat 'n nuwe basis opgerig sal moet word.

Mnr. Fulton se grootste verlange huis toe was nog elke keer net voordat die RSA omgedraai het terug Kaapstad toe en dan weer as die huistoegaantyd nader kom. Tussenin aanvaar 'n man maar dat dit nie help om te verlang nie, dit maak die jaar net langer. Maar as die vrou of een van die kinders verjaar of dit is die herdenking van die troudag, dan stoot die verlange maar op.

Op die basis het elke man daagliks sy roetine. Die dag begin gewoonlik met middagete omstreeks eenuur en ná ete is dit tyd vir werk. Vieruur word tee en koek bedien en dan werk elke

man totdat sy dagtaak afgehandel is. Die span gaan slaap gewoonlik so teen vieruur in die oggend.


Die hoofmaaltyd is altyd sop en 'n hoofgereg of 'n hoofgereg en nagereg.

Elkeen kry 'n kookbeurt van vier dae. Behalwe kook, moet die kok ook brood en koek bak. Party kook goed, maar die ander kry dit net reg om die manne se mae vol te hou. Die span ondergaan darem 'n kookkursus voor sy vertrek. Hulle word geleer om te kook, koek en brood te bak, vleisrolletjies en pasteitjies te maak en om blikkieskos smaaklik voor te berei.

Mnr. Fulton sê die lekkerste koeksisters wat hy nog geproe het, het hy in Antarktika geëet. Hy wil nou nie Suid-Afrika se vroue te na kom nie, maar Sanae se manne bak koeksisters soos geen vrou kan nie.



▲
Hannes la Grange, Suid-Afrika se baanbreker in Antarktika, in November 1960 afgeneem toe hy leier van Sanae I was.



Sommige van ons swart-en-wit foto's is goedgegunstig geleen deur die Departement van Vervoer en die afdeling Geologiese Opname.

Elke span neem sowat duisend pond vars vleis soos boerewors, skaap- en beesvleis en hoender en kalkoen saam, en dan ook nog 'n hele klomp blikkiesvleis. Vars groente en vrugte word ook saamgeneem, maar sommige van die groente smaak nie lekker as dit ontvries word nie.

Mnr. Fulton sê hy het die meeste na vars tamaties verlang.

Benewens die kookbeurt kry elke man ook nog 'n „skiewie"-beurt. Hy is dan die basis se bediende vir die dag- en moet onder meer sorg dat die vloere geskrop word, skottelgoed gewas word en dat alles mooi skoon is. Maar sy belangrikste taak is om te sorg dat daar genoeg sneeu in die sneeusmelter is. Die sneeusmelter is die basis se waterbron. As hy genoeg sneeu in die



▲ Die voltooide Suid-Afrikaanse basis wat in 1962 deur Sanae III opgerig is. Die foto toon die geboue en sommige van die boumateriaal wat oorgeskiët het.

▲ Een van die mooiste ysberge wat op die jongste vaart van die RSA gesien is. Dit was op die terugreis, net meer as duisend myl van Kaapstad af.

▼ Mnr. H. S. van der Walt, Adjunksekretaris van Vervoer, wat van die begin van Suid-Afrika se navorsing in Antarktika baie nou verbonde is met die organisasie van die hele onderneming.



ANTARKTIKA — vervolg

APPEL IN DIE TABAK

sneusmelter gooi, kan die „skiewie” ook bad en sy klere was. Vir die wasgoed is daar 'n wasmasjien en spindroër en die badkamer het lopende warm en koue water — nes tuis.

In Antarktika is elke man se verjaardag 'n groot gebeurtenis. Dan word kalkoen gebraai, koek gebak en presente uitgedeel. Sommige van die presente word vooraf in Suid-Afrika gekoop en ander word op die basis self gemaak. Mnr. Fulton het bv. op sy verjaardag 'n tabakhouer van sy vrou gekry wat sy vir een van die ander manne gegee het om saam te bring en te bêre tot die verjaardag.

Voordat die span uit Kaapstad vertrek, kies elke lid die sigarette en drank wat hy wil hê. Mense wat al daar was, sê in Antarktika verloor drank sy smaak. Daar word gedrink om vloeistof in te kry en nie as sosiale gewoonte soos in die beskawing nie. Daarom is bier verreweg die gewildste drank. In die koue vries dit natuurlik en dit word in kookwater gegooi om te ontvries, want bier wat stadig ontvries, verloor sy smaak.

As daar harde werk soos pik- en graafwerk gedoen word, drink die manne gewoonlik baie bier.

Mense wat tuis gewoon

is om gereeld 'n dop te drink, leer die gewoonte ná 'n paar maande in Antarktika heeltemal af. Om seker te maak dat die drank die hele jaar hou, word dit in weeklikse rantsoene verdeel.

In Antarktika verkies die manne ook meer pyp as sigarette. Buite smaak sigarette nie lekker nie, en die tabak droog so uit dat die tabak soms heeltemal uit die papier loop as die sigaret regop gehou word.

Pyptabak word in digte houers bewaar. Soms word 'n stukkie appel ingesit om dit klam te hou.

Die basis is volkome self-onderhoudend. Elke span be-

stel voorrade en onderdele vir die volgende span en die nuwe span kan dan toevoegings doen as hy dink dit is nodig.


Die belangrikste taak van die twee werktuigkundiges in elke span is om te sorg vir die kragverskaffing, want geweldig baie van die werk op die basis is van elektrisiteit afhanklik, waarvan die ligte van die belangrikste is. In die basis onder die dik laag sneeu kom geen daglig nie en in die winter is dit vir twee maande pikdonker buite.

Dan moet die werktuigkundiges al die masjinerie en ander toerusting soos

trekkers, stoof, wasmasjien, verwarmers en lugreëlaars in stand hou en ook sorg vir die instandhouding en herstel van die geboue.

In die basis is drie kragopwekkers wat elk elektrisiteit aan ses huise kan gee. Twee van hierdie opwekkers kan tegelyk loop, afhange van die verbruik van elektrisiteit en die ander een word vir noodgevallen gehou. Gewoonlik loop net een, maar as toerusting soos sweisapparate gebruik word, is twee nodig.

In die woonkamer is 'n verwarmers van 3,000 watt en in die slaapkamers outomatiese diesilverwarmers.



In die slaapvertrekke is die temperatuur gewoonlik tussen 8 en 14 grade C, ongeag hoe koud dit buite is, maar in die tegniesc afdeling, waar die wetenskaplikes werk, is dit vanweë apparate wat daar loop, gewoonlik tussen 14 en 17 grade. Die verwarmers dien ook tegelyk as lugreëlaars.

Omdat die basis binne verwarm word, smelt die ys buite om die geboue se mure. Sommige van die kamers begin dan lek. Die kamer wat die meeste lek, word Waterval-Bo genoem. Die geboue neig om na die weste in die ys weg te sak en die kamer wat die laagste lê, word Waterval-Onder genoem.

Daar is nog nie met sekerheid vasgestel wat hierdie insinking veroorsaak nie. Dis moontlik die wind, die normale kruip van die sneeu of 'n samestelling van 'n hele paar faktore.

Teen Waterval-Bo se vensters het die manne vissies geteken wat lyk of hulle buite in die water swem.

In die koue word geweldig baie gesukkel om die masjiene aan die loop te kry. Dit het al gebeur dat 'n steeks masjien eers ná twaalf uur se gesukkel aan die gang gekry word. Die geringste foutjie word deur die koue vererger en dit bemoeilik die aanskakeling. Om van 'n halfuur tot 'n uur te sukkel, is niks buitengewoon nie.

As dit baie koud is, word 'n blaaslamp eers in die basis of ander beskutte plek opgesteek en dan in 'n blik na die steeks masjien gedra. Dan word die vergasser vol eter gegooi en brandstofpype, verdelerpyp en blok verhit totdat die ys en sneeu begin smelt. Soms is dit so koud dat die oliepomp ook warm gemaak moet word.

Dit word soms so koud dat die blaaslamp doodgaan. Dan moet 'n tweede blaaslamp gebruik word en die twee blaaslampe word om die beurt met die ander een warm gehou.

Soms is dit ook nodig om tot 50 persent petrol by die olie te voeg om die viskositeit genoeg te verlaag dat die aansitters kan draai. Die koue laat die olie baie dik word.

By 18 grade C benede vriespunt kristalliseer die waks in dieselolie, en by 22 grade benede vriespunt is dit so dik soos ghries en loop glad nie. Dan kan dit ook nie uit die dromme gepomp word nie.

Ontsettend baie vuurhoutjies word op die basis gebruik omdat dit moeilik brand. Gewoonlik word hulle in bossies van vier of meer saamgevat en dan op die dosie getrek. Brandspiritus

moet eers met vuurhoutjies warm gemaak word voordat dit aan die brand slaan.

Geweldig baie brandstof word gebruik, tot 1½ drom dieselolie per dag en meer as tagtig dromme petrol per jaar. Die stoof in die kombuis gebruik van drie tot sewe gelling dieselolie per dag en die verwarmers, afhangende van die temperatuur, van een tot elf gellings per dag.


Toiletpapier word in Antarktika vir meer ander dinge gebruik as die doel wat dit eintlik voor bestem is. In die ys, waar 'n mens nie elke dag koerante kry nie, is dit nogal verbasend hoe 'n mens koerantpapier mis. Daar is ook geen ander bronne van papier wat vir allerhande dinge gebruik kan word nie.

Daarom word die toevlug maar tot toiletpapier geneem vir die skoonmaak van

brille, olie en dieselolie op te droog waar dit mors, skottelgoed in tente skoon te maak en selfs om tydelike jagsneeuëls te maak vir trekkers en in geboue waar jagsneeu indring.

Die manne sê 'n mens kom nie agter hoe baie jy eintlik papier gebruik voordat jy daarsonder moet klaarkom nie. Een van die kerele het gesê hy wil nog 'n boek skryf met die titel: 'n Duizend-en-een Gebruike vir Toiletpapier.

In Antarktika bederf kos nie en soms word kos geëet wat vorige ekspedisies baie jare tevore daar gelaat het. In 1966 byvoorbeeld het Suid-Afrikaners brood geëet wat in 1952 deur die bekende Maudheim-ekspedisie agtergelaat is. Die brood was in waspapier toegedraai en niemand kon sê dat die brood al byna veertien jaar oud was nie. □



▲ Só lyk die pakys waardeur die RSA telkens moet worstel. Die foto is van die dek van die skip af geneem.

▲ Die RSA steek beswaarlik bokant die ys uit by sy aanlêplek. Die ys is hier sowat dertig voet hoog.

► So het die Sanae-basis ná die eerste sneeustorm in 1962 gelyk. Die basis was toe pas klaar en nog op die oppervlak.





▲ Die Tayler-gletsjer tussen die hoë berge in die omgewing van een van die Amerikaanse basisse.

Die bebaarde manne van die vorige ekspedisie verwelkom die nuwes met 'n paar drankies.

► Terwyl die sleehonde op die yskoue sneeu lê en rus, bespied een van die ekspedisie-manne die omgewing deur sy verkyker. ◀



ANTARKTIKA — vervolg

ONDER 27 VOET YS

DIE groot invloed wat die Antarktiese en sub-Antarktiese gebiede op die weer in Suid-Afrika het, het gemaak dat weerkundiges die eerste wetenskaplikes was wat in hierdie streke begin belang stel het. Suid-Afrika se eerste weerkundige waarnemingstasie is reeds in 1942 op die eiland Tristan da Cunha opgerig, gevolg deur een in 1948 op Marion-eiland en 'n derde in 1956 op Gough-eiland.

Maar Suid-Afrika se eerste kontak met die Antarktiese Vasteland was eers met die Internasionale Geofisiese Jaar van 1957/'58 toe steun nie alleen aan sir Vivian Fuchs se Trans-Antarktiese Ekspedisie toegesê is nie, maar 'n Suid-Afrikaner, Hannes le Grange, gestuur is om die ekspedisie mee te maak.

Ná afloop van die I.G.J. het die wetenskaplike wêreld besluit dat navorsing in Antarktika voortgesit moet word en Suid-Afrika is saam met elf ander lande genooi om in die Wetenskaplike Komitee vir Antarktiese Navorsing (Scar) van die Internasionale Raad vir Wetenskaplike Unies (Icsu) te dien.

Suid-Afrika het besluit om 'n basis in Antarktika in stand te hou en in September 1959 is in Noorweë ooreengekom dat Suid-Afrika die basis Norway Station sal oorneem wat die Nore die einde van daardie jaar ont-ruim het.

Die eerste Suid-Afrikaanse Nasionale Antarktiese Ekspedisie (Sanae) het einde 1959 daarheen vertrek aan boord die Polarbjorn, wat van Noorweë gehuur is. Die span het uit elf lede bestaan en het hoofsaaklik weerkundige en geologiese waarnemings en in mindere mate fisiologiese navorsing gedoen.

Norway Station was teen

1961 al redelik vervalde en in 1962 het die Departement van Vervoer, met die hulp van die Departement van Openbare Werke, 'n nuwe basis sowat nege myl van die laaiplek opgerig. Hierdie basis word nou nog gebruik. Norway Station was sowat 22 myl van die laaiplek af.

Daar is drie liggamme wat gemoeid is by die formulering van beleid, finansiering en die deurvoering van Suid-Afrika se bedrywighede in Antarktika. Dit is die Interdepartementele Antarktiese Komitee, bestaande uit die Sekretaris van Vervoer as voorsitter, die Sekretaris van Buitelandse Sake en die voorsitter van die W.I.N.R.; die Wetenskaplike Advieskomitee vir Antarktiese Navorsing van die W.I.N.R.; en die ad-hoc-komitees wat van tyd tot tyd deur die Interdepartementele Komitee gestig word om spesifieke aspekte te oorweeg.

Die Kabinet het R175,000 per jaar vir die vyf jaar van 1 April 1963 tot 31 Maart 1968 bewillig vir wetenskaplike navorsing in Antarktika. Dit staan onder administrasie van die Departement van Vervoer.

Die grootste enkele wetenskaplike program is die weerkundige program wat deur die Weerburo gereël en die Departement van Vervoer gefinansier word.

Die Departement van Vervoer is ook verantwoordelik vir die aanstelling van alle

ekspedisielede, alle vervoer, noodsaaklike lewensmiddele, huisvesting en finansies. Logistiese steun word ook aan verskeie wetenskaplike programme en instansies verleen.

Benewens die wetenskaplikes, bestaan die span uit 'n leier, dokter, twee werktuigkundiges, radiotegnikus en 'n marconis.

Die geboue van die basis bestaan uit 'n hulpkragkamer, tegniese gebou, slaapvertrekke, kombuis, hoofkragkamer, ballonhut en dielaboratorium. Al hierdie geboue, wat nou onder 'n laag sneeu van 27 voet bedek is, is deur 'n ysgang met mekaar verbind.

Die geboue is ook deur dik ysmure van mekaar geskei om te voorkom dat brand maklik van die een vertrek na 'n ander versprei.

Kos word in 'n sneegang langs die basisgeboue geberg en moet altyd eers ontvries word.

Die manne het 'n goeie biblioteek, radiogram, biljarttafel en 'n klankprojektor met goeie films. Hulle kry spesiale beskermende klere wat vir Antarktiese toestande ontwerp is. In die basis is dit warm genoeg dat die ekspedisielede gewone klere kan dra.

Die vervoer is drie Muskeg-sneuttrekkers, 'n Oliver-trekker met skopgraaf, 'n Polaris-motorslee, sneeuhonde en ligte Noorse sleë. □

AANSTAANDE WEEK

- Splinternuwe kleurfoto's van ons Lugmag se jongste vliegtuie — die Mirage, Impala, Buccaneer en Canberra.
- 'n Pragtige kleurfoto van Leon le Roux, held van ons nuwe fotoroman, Nagvlug.





▲ Net die bokant van die RSA steek agter die reuseysbank uit waar hy vasgekeer het terwyl voorrade afgelaai is.

► Een van die basis se honde beskou die skip. Die honde is noodsaaklik vir die voortbestaan van die basis.

Heel regs: 'n Bebaarde lid van die Suidpoolspan in een van die basis se tonnels. Die ys aan die mure is deur die jare daar gevorm.





ANTARKTIKA — vervolg

YSHONDE

DIE hond is die mens se beste vriend, en dit geld nog meer vir die manne wat die uiterste toestande van die Antarktiese vasteland ter wille van kennis en die wetenskap trotseer. Meganiese vervoermiddels word baie gebruik vir swaar werk, maar die „Huskies" of sleehonde is meer betroubaar omdat hulle nie die nukke van masjiene in die koue uithaal nie.

Daar is gewoonlik elf honde in 'n span, met 'n leierhond wat voor hardloop. So 'n span kan 'n vrag van 1,200 pond twaalf uur aanmekeer trek in skofte van 'n halfuur, met rusperiodes van vyf minute tussenin, en elke twee uur word 'n halfuur gerus.

'n Span sleehonde het verlede jaar byvoorbeeld die tweehonderd myl van Sanae na die Borgaberge in vyf dae afgelê, en 'n trekker neem 49 uur (rytyd en as hy nie breek nie.)

Die honde word op die skip gevoer op walvisvleis wat in Suid-Afrika opgemaak en toegedraai word in pake van sowat 15" x 15", robbeveis op die basis en as hulle op sleetogte uitgaan, kry hulle nutrican, 'n samestelling van vleis en vet wat saamgepers is in pondblokke, ook vitaminebyvoegsels. Op 'n pond van hierdie kos kan 'n hond van 25 tot 30 myl per dag hardloop.

Die honde les hul dors deur sommerso in die hardloop 'n bekvol sneeu op te skep. Hulle drink nie water nie.

Die huskies wat in Antarktika gebruik word, word uit die Noordpoolgebied ingevoer. ❧

